
Storiesterre vir Klein Harte

Brilletjie Speel Wegkruipertjie



ANNABEL LIVERSAGE



Brilletjie Speel Wegkruipertjie

Brilletjie is ’n ondeunde klein kalant.
Op ’n dag kry hy ’n stout plan.
“Ek gaan wegkruipertjie met Ouma speel!”
Hy steek sy duimpie in die lug. In sy noppies met sy blink idee.

Ouma is al dae lank op soek na haar bril. Net soos Bennie Boekwurm, soek sy oral.
Onder die beddens, agter die kaste, selfs op plekke waar haar bril glad nie hoort nie.
Sy maak laaie oop en keer alles om.
Die huis lyk soos ’n orkaan wat kom kuier het!





Sy gaan steek selfs by die winkels
waar sy inkopies gedoen het kers op.
(Maatjies, kers opsteek beteken om
iets uit te vind of navraag te doen.)
Maar niks nie...
Uiteindelik haal Ouma ’n stokou
brilletjie uit ’n verweerde houertjie,
skeef en oud, maar dis al wat sy het.

Brilletjie giggel in sy mou.
“Ouma sê altyd sy kan nie eers hoor
sonder haar bril nie!”
Moeg en moedeloos sit Ouma later
met haar kop effens gebuig.
Sy sug diep en vou haar hande.
“Jesus,” fluister sy, “As U asseblief
net my brilletjie vir my wil
terugbring.”





Skielik voel Brilletjie sleg.
Hy sien Ouma se hart is seer.
Hy het nie bedoel om haar so
omgekrap te maak nie...
Maar nou weet hy nie hoe om dit reg
te maak nie.
Brilletjie sit met sy oë na onder,
handjies inmekaar.
Hy is baie spyt.

Toe kry hy – o wee – nog ’n plan.
Stompie, die steekbaard-hondjie,
gaan die skuld kry!
“Stompie,” fluister Brilletjie, “vat
gou vir Ouma haar bril. Sê jy het
hom by die appelboom gaan
begrawe!”
Stompie dra die bril versigtig in sy
bekkie en stap dapper by die
agterdeur in.





Ouma kan nie glo wat sy sien, toe Stompie dood onskuldig met haar bril ingestap kom nie.

Maar, maatjies...
Brilletjie het daardie dag sy rieme styf geloop.
Want om spyt te wees, kom meestal ná die tyd.
En ’n leuen bly ’n leuen, al probeer jy dit mooi maak.
Ouma is so bly dat sy nie eens kwaad is nie.

Slotgedagte

Brilletjie het ’n paar belangrike lesse geleer:
Moenie grappies maak wat ander seermaak nie.
Moenie jok om uit die sop te kom nie.
Sê eerder jy’s jammer ... en wees eerlik.
Jesus luister altyd — maar ons moet Hom eerste vra, nie laaste nie.
En Ouma? Sy het ook onthou:
“Jesus wag net dat ons Hom vertrou.
Hy hoor elke gebed ... selfs oor verlore brilletjies.”

